

H O O F S T U K VI.Stellaland in Ruimere Perspektief.  
-----

Soos reeds aangetoon, het die Suid-Afrikaanse Republiek<sup>vir</sup> vele jare daarna gestreef om sy gesag uit te brei na die weste. Aan die ander kant het Engeland terselfdertyd daardie strewe geopponeer en dit eindelijk op 'n suksesvolle wyse gedwarsboom in 1884.

By die beantwoording van die vraag waarom die dele van Bechuanaland, wat aan die S.A.Republiek gegrens het, so 'n belangrike rol in die geskiedenis van die westergrens gespeel het, is dit nodig om te let op die geografiese ligging van Stellaland en Goosen. Hierdie twee Republieke het aan die oostekant gegrens aan die S.A.Republiek, en ten weste van hulle het die sanderige, byna waterlose, Bechuanaland en Kalihariwoestyn gelê.<sup>1)</sup> Dwarsdeur Stellaland en Goosen het die vernaamste handelsweë geloop van die Kaap Kolonie na die noorde. Dit was feitlik die enigste bruikbare deurtog na die noorde, en Stellaland en Goosen kon dus hierdie deurtog verspér.<sup>1)</sup>

Vir vele jare het die Britse publiek weinig of geen belang in Bechuanaland gestel nie, niesteenstaande Engelse sendelinge gewys het op die belangrikheid van die weë na die noorde.

So b.v. protesteer Dr.Livingstone in 'n brief, dd.12 Des.1852, gerig aan die Britse outoriteite, teen die onlangs geslote Sandrivier-Konvensie. In sy brief maak hy melding daarvan dat die Transvaalse Boere die Konvensie verbreek deur die "English Route to the North" te versper. Hy wys voorts daarop dat die weg belangrik is met die oog op handel, en dat dit deur grondgebied loop wat bewoon word of waarop aanspraak gemaak word deur die Boere.<sup>2)</sup>

Met/...

1). Sien kaart Bylaag G.

2). Sien Keate-arbitrasie Stukke in SS.60.

Met betrekking tot hierdie "weg naar die noorde" werd ook gebesig die benaming "Missionaries' Road", en ook was dit 'n Jagtersweg <sup>1)</sup>. Hierdie weg is egter nie alleen deur sendelinge en jagters gebruik nie, mettertyd het dit meer en meer ook 'n handelsroete geword.

In die jaar 1867 is die aanwesigheid van goud ten noorde van die Limpoporivier vasgestel deur die Duitser Mauch. Die ontdekking het dadelik die aandag van mense in Engeland en Suid-Afrika op Mashonaland (deel van die latere Rhodesië) gevestig. Omstreeks dieselfde tyd is ook goud ontdek te Tati, <sup>2)</sup> suidwes van Matabeleland. Weinig is egter gedaan om die goudvelde te ontwikkel, en die latere ontdekking van diamante <sup>3)</sup> het die aandag afgetrek van die goudvelde in die verre noorde. Tog was die feit dat daar goud ontdek was in die landstreek noord van die Transvaal nie vergeet nie.

Cecil Rhodes het dit onthou. In Junie 1883 het hy Grikwaland-Wes besoek en 'n sessie van grondgebied verkry van Mankoroane sowel as van die Stellalanders. Toe reeds het hy daarna gestreef om die sleutel na die binnelande (soos dit soms beskryf word) in hande te kry, hoewel hy in die begin nie suksesvol was nie. Op 16 Augustus 1883 het Rhodes in 'n toespraak voor die Kaapse Wetgewende Vergadering verklaar: "I look upon this Bechuanaland territory as the Suez Canal of the trade of this country, the key of its road to the interior. Hy het voort daarop gewys dat die Kaap Kolonie die beheer oor Bechuanaland moes verkry, anders sou die handelsroete na die binnelande oor die Transvaalse grondgebied moet gaan, en deur <sup>4)</sup> hoër tariewe sou die handel gestrem word. Ook later tydens sy onderhandelings met Genl. Joubert op die grense, het

Rhodes/...

1). Vgl. Walker, t.a.p., pp.288 vv.

2). Vgl. H.Marshall Hole, The Making of Rhodesia, pp.3-4.

3). Ibid., p.6.

4). Vgl. Vindex, t.a.p., pp.67-68.

Rhodes dit duidelik doen uitkom dat sy eerste strewe is die beveiliging van die handelsroete na die noorde, en nie die belange van die Kaffers nie <sup>1)</sup>.

Nie alleen Rhodes nie, maar ook Sir Hercules Robinson het tydens die onderhandelings oor die Konvensie van Londen daarop gewys dat die Boere uit Bechuanaland geweer moet word omdat deur hulle aanwesigheid aldaar "an effectual barrier would be interposed to the trade of the British Colonies in the South with the interior of Africa". Hy was n.l. bevreesd dat die S.A.Republiek sou uitbrei na oos en wes (in die laaste geval deur middel van Stellaland en Goosen) en uiteindelik sou uitstrek van kus tot kus <sup>2)</sup>. Hy het dan ook steeds gepleit dat die handelsroete na die noorde buite Transvaalse grondgebied moes gehou word <sup>3)</sup>. Sir Hercules het nog verder die belangrikheid van daardie weg beskryf, wêns die handel met Matabeleland wat hy voorgestel het "as one of the richest gold countries in the world". Ook Mashonaland, sê hy, het goud, en is 'n ryke potensiële afsetgebied vir Engelse produkte. As daardie "great highway" van die Kaap na die binnelands in hande van Transvaal kom, sou dit 'n "serious injury" wees vir die Britse handel, het hy gemeen <sup>4)</sup>.

Ook ander persone het gewys op die gevaar dat die Transvaal die Kaap Kolonie kon afsluit van kommunikasie met die noorde deur middel van 'n kordon van Republieke, waardeur die Koloniale handel, wat jaarliks toegeneem het, baie sou ly. Weswaartse uitbreiding van die Transvaal deur middel van Stellaland en Goosen moes dus voorkom word deur Engeland <sup>5)</sup>.

Maar nie alleen was Bechuanaland en die weg na die noorde vir Engeland belangrik om handelsredes nie, veel diepere politieke redes het agter die optrede van Groot Brittanje geskuil.

Van/...

1). R.4867/85 (Brief van Joubert aan Pres. Kruger dd. 7 Okt. 1884).

2). C.3841, p.104.

3). Ibid., pp.105, 145.

4). Ibid., p.152.

5). C.4036, pp.15-16.

Van 1850 tot 1870 het Engeland min aandag aan Suid-Afrika kon gee. Haar aandag was te veel in beslag geneem in Europa en elders, veral deur politieke toestande. Na die Frans-Pruisiese oorlog van 1870-1871 het die Britse Imperialisme egter 'n tydperk van nuwe oplewing ingetree. Dit was nou die tyd van aggressiewe imperialisme, 'n politiek wat aanleiding gegee het tot die anneksasie van die diamantvelde en die eerste anneksasie van die Transvaal <sup>1)</sup>.

'n Politieke wedren tussen verskeie Europese state om soveel grondgebied moontlik in Afrika te verkry, het 'n aanvang geneem in 1884 met die Konferensie van Berlyn. Dit was die veelbesproke "Scramble for Africa". In Bechuanaland het sig 'n geleentheid daartoe voorgedoen vir Engeland, en daardie land sou die kans nie laat verbygaan nie <sup>2)</sup>.

Maar wat Suid-Afrika meer in die besonder betref, was daar 'n ander bykomende dryfveer waardeur Stellaland en Goosen tot 'n val gebring sou word, en Bechuanaland onder Britse beheer. Die vernaamste uiteensetter van hierdie politiek was Cecil Rhodes, wat gedroom het van 'n "Red Road" van die Kaap tot in Kairo. Vireers, egter, was dit hom te doen om die beheer oor die weg naar die onmiddelijke hinterland, die latere Rhodesië. So is die weg naar die noorde nie meer 'n "Hunters' Road", of 'n "Missioneries' Road" nie. Dit word veeleer nou, behalwe 'n "Trade Route", ook 'n Politieke Weg.

Rhodes het daarna gestreef om die Kaap Kolonie die "dominant state" in Suid-Afrika te maak, en die beskawing van daar uit oor die binnelande te laat versprei. Hy het gedroom van 'n verenigde Suid-Afrika, en wou die opperheerskappy in so'n Unie vir die Kaap Kolonie verseker, en op daardie wyse Suid-Afrika veilig maak vir die Britse Ryk. Daarom wil hy die weg naar die binnelande verower vir Engeland, ten einde  
die/...

1). Vgl. Leyds, De Eerste Annexatie van de Transvaal, pp. 182-184.

2). Vgl. Marshall Hole, t.a.p., p.10.

die politieke invloed van die Kaap Kolonie te verhoog deur dit geografies uit te brei, en te belet dat die Transvaal te magtig sou word in die noorde. Daarom verklaar hy op 18 Julie 1883 in die Kaapse Parlement: "I believe in a United States of South Africa, but as a portion of the British Empire", en op 16 Aug. 1883, "The question of the Union of South Africa, is bound up in this Bechuanaland question".<sup>1)</sup>

Maar dit was nie die enigste dryfveer van die Engelse nie. In Augustus 1884 het Duitsland onverwags 'n protektoraat oor Damaraland aan die Suidweskus van Afrika geproklameer.

Dit het die Imperiale sowel as die Kaapse regering die skrik

✓ op die lyf geja<sup>2)</sup>. Nou was die weg naar die noorde nog meer belangrik. Aan die oostekant lê die Transvaal en aan die westekant die Duitse gebied. Die deurtog naar die noorde word steeds enger. Omtrent die Duitse gevaar was Rhodes die volgende mening toegedaan: "Do you think that if the Transvaal had Bechuanaland it would be allowed to keep it? Would not Bismarck have some quarrel with the Transvaal, and without resources, without men, what could they do? Germany would come across from her settlement at Angra Pequena .....  
... and then Germany would stretch from Angra Pequena to Delagoa Bay". Hy meen voorts dat die paar sandhope langs die weskus vir Duitsland van geen belang is nie. Sy wil uitbrei, maar Bechuanaland is in die pad. Hy wys voorts op die gevaar dat Transvaal deur Bechuanaland kon grens aan die Duitse gebied, en also die weg versper vir Engeland.<sup>3)</sup>

Genl. Joubert het later in 'n private brief aan die heer Lucas Meyer sy vrees uitgespreek dat die Britse regering deur die Jingos opgesweep word "om geheel Zuit Africa onder  
zijn/...

1). Vindex, t.a.p., pp. 52, 62, 67, 68.

2). Vgl. Leyds, Het insluiten..., p.217.

3). Vgl. Vindex, t.a.p., pp.114-116.

zijn gezagt te brengen en door de vreest die nu onlangs es opgewekt dat Duitsland ook voet op Zuit Africas bodem zal zet es Engeland nu sterk van plan om geheel ons land en te slukken om daardoor Duitsland te beletten om zegt met ons te vereenigen" <sup>1)</sup>.

Het Cecil Rhodes gedroom van 'n groot verenigde Suid-Afrika, nie minder was dit die geval wat betref leiers van die Afrikaners nie. Die idee van 'n verenigde Suid-Afrika was nie nuut nie. Reeds Sir George Grey het 'n poging aangewend om die ideaal te verwesenlik, hoewel hy nie suksesvol was nie. Ook het Afrikaners in die Vrystaat en in die S.A. Republiek pogings aangewend om tot nouere vereniging te geraak. <sup>Dit was die "idee" van President M.W. Pretorius, om Transvaal en Vrystaat te laat te maak en die</sup> Dit was die "idee" van President M.W. Pretorius, om Transvaal en Vrystaat te laat te maak en die Vrystaatse Volksraad op 30 Augustus 1859<sup>2)</sup>, maar verder as dit het die saak nie gekom nie.

Bekend is die federasieskema van Lord Carnarvon in die sewentiger jare, toe Sir T. Shepstone as sy handlanger gebruik is om Transvaal te annekseer met die doelwit: vereniging onder Britse vlag. Dit het ingedruis teen die droom van President Burgers, wat liever 'n verenigde Suid-Afrika onder eie vlag gesien het. Dit het egter niks gebaat nie, en dit het gelyk of daar met die anneksasie van Transvaal in 1877 vir goed 'n end gekom het aan die Afrikaner-ideaal van 'n groot, vrye Afrikaanse Republiek.

Maar tydens en na die eerste Transvaalse Vryheidsoorlog (1880-1881) het die droombeeld van 'n vereniging van die Suid-Afrikaanse state en kolonies onder die Afrikaners sterk opgeleef. Waar Rhodes 'n vereniging voorgestaan het onder Britse vlag, het die Afrikaners gedink aan 'n vrye Suid-Afrika onder eie vlag. Paul Kruger het aan so'n ideaal geglo. In 'n antwoord op 'n rekwisisie om hom kandidaat te stel vir die Presidentskap van die S.A. Republiek in 1882 beloof hy om die pogings tot 'n nouere vereniging tussen die Suidafrikaanse state en kolonies te ondersteun "ter opkweeking eener Zuid-Afrikaansche natie" <sup>3)</sup>

In/...

- 1). Joubert-Kolleksie, 1995, p.483.
- 2). Notulen der Verrichtingen van den Hoogedelen Volksraad (Vrystaat) 1859, pp. 119-121. Genl. Joubert het ook later daarop gewys dat die strewe van die Afrikaners tot vereniging nie nuut was nie (Sien Joubert-Kolleksie, 1995, pp.54-56).

3). Vgl. Van Oordt, t.a.p., p.381. Dit was trouens ook sy lewens doel: 'n vereniging terwille van die Afrikanernasie. In sy beroemde afskeidsbrief, kort voor sy dood in 1904 geskrywe, raak hy weer die punt aan. Die brief word aangehaal by Dr. P.R. Botha, Die Staatkundige ontwikkeling van die S.A. Republiek onder Kruger en Leyds, pp.693-694.

4). Vgl. Dr. C. Uys, In the era of Shepstone, pp.237-240.

5). Vgl. Dr. S.P. Engelbrecht, Thomas François Burgers, pp.279-280.

In 'n skitterende uiteensetting van die saak van die stryd vir vryheid in Transvaal in 1880-1881, gerig aan die Vrystaatse Volksraad en gedateerd 7 Febr. 1881, visualiseer Vice-President Kruger die verenigde Suid-Afrika as volg: "Het-zij wij overwinnen, hetzij wij sterven: de Vrijheid zal in Afrika rijzen als de zon uit de morgenwolken, als de vrijheid rees in de Vereenigde Staten van Noord-Amerika. Dan zal het zijn van Zambezi tot aan Simonsbaai: Afrika voor den Afrikaner!"<sup>1)</sup>

Ook Genl. Joubert het die idee van 'n verenigde Suid-Afrika gedurig voor oë gehou. Waar Rhodes die unie-ideaal beskryf het "as the ultimate goal of my politics"<sup>2)</sup>, het Genl. Joubert daarvan gepraat as "de grootste leuze mijner ziel"<sup>3)</sup>. Genl Joubert het die verenigings-ideaal verbind met Stellaland en Goosen. In herhaalde briewe aan die leiers van die vrywilligers het hy hulle aangemoedig om te verenig. Sy plan was dat Stellaland en Goosen één sterk staat moes vorm in die toekomstige verenigde Suid-Afrika<sup>4)</sup>, d.w.s. as hulle dan nie by Transvaal ingelyf kan word nie.

Dit is ook waarskynlik dat die leiers van die Afrikaners in die S.A.Republiek die ideaal nagestreef het om Bechuanaland in te lyf by die Transvaal met die doel om daardeur die Transvaal die oorwegende staat te maak in die verenigde Suid-Afrika. Genl Joubert was b.v. baie teleurgestel met die uitslag van die onderhandelings van die Transvaalse Deputasie in Engeland, want daardeur werd Bechuanaland vir goed afgesny van die Transvaal. Hy het o.a. aan Van Niekerk<sup>5)</sup> geskrywe dat hy tevrede sou gewees het met die nuwe Konvensie, "was het niet nodig rekening te houden of te werken voor een algeheel vereenegt Zuit Afrika".

Ook/...

- 1). De Staats-Courant van de Z. A.R. gedurende den Vrijheids-oorlog van 1881, p. 26.  
 2). Vgl. Vindex, t.a.p., p.114.  
 3). Joubert-Kolleksie, 1995, p.80.  
 4). Ibid., 1995, pp. 127, 129, 130.  
 5). Ibid., 1995, pp.119-120.

Ook Van Niekerk het dieselfde idee gehuldig. Op 19 Maart 1884 skryf hy aan Genl. Joubert: "Wij (d.i. die vrywilligers) ziet de groote nadeel en voor de vereenigde Zuid Afrika wanneer deze nieuwe Conventie moeten blijven staan"<sup>1)</sup>.

Dit was blykbaar die bedoeling dat Transvaal nie sonder Bechuanaland sou toetree tot 'n verenigde Suid-Afrika ni

Die Afrikaners in die Transvaal het nie alleen gestaan in die stryd om 'n verenigde Suid-Afrika onder eie vlag nie. Genl. Joubert was in korrespondensie en in noue voeling met lede van die Afrikaner Bond in die Kaap Kolonie, Vrystaat en Transvaal. Hy het, naar dit blyk, die Bond beskou as die middel waardeur die vereniging bereik moes word. Aan die heer Hofmeyr het hy geskryf, naar aanleiding van 'n voorgenome besoe van eersgenoemde aan Transvaal: "Mog Hy (God) het ook nog tot een zegen maken voor alle ware Afrikaners opdat het ook mag medewerken tot de grootste leuze mijner ziel: Vereenigd Zuid Afrika"<sup>2)</sup>. Die Vrywilligers op die grense het hy aangeraai om aan te sluit by die Afrikaner Bond<sup>3)</sup>.

Die Bond het nie op sig laat wag nie. Twee groot geeste, wat veral veel te doengehad het met die oprigting van die Bond, was Ds. S.J. du Toit en die heer J.H. Hofmeyr (Onze Ja Reeds in 1879 het Ds. Du Toit aan die hand gegee die oprigting van 'n "Afrikaner Bond, waarin al wat Afrikaner is sig kan thuis voel en samewerk tot heil van 'n Verenigde Suid-Afrika"<sup>4)</sup> Ds. Du Toit het sig Suid-Afrika voorgestel onder vrye vlag, terwyl Hofmeyr die vlagkwessie liever uitgelaat het. In elk geval was die bepaling omtrent 'n Verenigde Suid-Afrika opgeneem in die konstitusie van die Bond<sup>5)</sup>. Ook in die Vrystaat het die idee ingang gevind en is tot motto aangeneem "Afrika voor/...

1). Joubert-Kolleksie, 326; Bylaag F.

2). Ibid., 1995, p.80. T30

3). Ibid., 1995, pp. 124-136; Bylaag F.

4). Vgl. Hofmeyr, Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr, p.218.

5). Ibid., p. 712.



1)  
 voor de Afrikaners" . Al die leiers in Suid-Afrika het gestreef na 'n vorm van nasionale lewe, en die Bond moes hierdie gees, wat hulle besiel het, weerkaats <sup>2)</sup> .

Hoewel die heer Hofmeyr en Ds. Du Toit verskil het oor die vlagkwessie, was hulle dit in een ding tog eens, n.l. om die goeie reg van Transvaal oor Bechuanaland te erken. Hofmeyr het dan ook in die Kaapse Parlement teen Rhodes te staan gekom op hierdie kwessie. Hy het die Transvaalse politiek in Bechuanaland verdedig, en gemeen dat daardie gebied onder kontrole van die Transvaal gebring moes word. Ook was hy gekant teen die optrede van Eerw. Mackenzie, en het hy met sy mede Bondslede die heer Uppington ondersteun in die Kaapse Parlement wat betref sy politiek ten opsigte van Bechuanaland <sup>3)</sup> .

Kortom, was daar in die laaste kwart van die 19de eeu 'n oplewing van die Britse Imperialisme, ook was daar 'n ontwaking van die nasionale bewussyn onder die Afrikaners. Die Engelse, met Rhodes as kampvegter, het geglo aan 'n groot Brits Suid-Afrika, terwyl die Afrikaners gedroom het van 'n Afrika vir die Afrikaners. In Bechuanaland bots hierdie twee idees met mekaar, en Stellaland en Goosen moes dit ontgeld. Die voorstanders van beide ideale het beoog vereniging; beide partye het getrag om Bechuanaland in te palm as eerste stap, met die onvermydelike gevolg dat die twee Republieke Stellaland en Goosen ewe snel moes ondergaan as wat hulle opgekom het.

BESLUIT/;;;

1). Vgl. Hofmeyr, t.a.p., p.223.

2). Ibid., p. 220.

3). Ibid., pp. 279, 280, 283; C.3841, p.79.

B E S L U I T .

Kort na die Eerste Vryheidsoorlog in Transvaal het daar ernstige onluste tussen die naturellestamme buite die Suidwestergrens van die Transvaal uitgebreek. 'n Aantal blankes, meeste waarvan afkomstig uit die Suid-Afrikaanse Republiek het, om verskillende redes, diens geneem as vrywilligers by die Kaffers. Na die onluste verby was, het hierdie mense sekere grondgebied, wat deur die Kaffers aan hulle toegeken was, geproklameer as 'n onafhanklike Republiek Stellaland.

'n Minderheid van hierdie mense was niks anders as vrybuiters nie, hoewel dit vasstaan dat die ergste diewe onder hulle 'n aantal Britse deserteurs was. Die grote meerderheid was egter vreedsame en ordeliewende mense.

Die beweging om die Kaffers by te staan in hulle onderlinge twiste en om plase te verkry was heeltemal spontaan. Aan die begin was die Transvaalse regering begerig om 'n end te maak aan die stryd, maar gaandeweg het verantwoordelike persone in Transvaal meer en meer ingesien dat, deur handig gebruik te maak van die onluste, en die teenwoordigheid van baie Transvalers onder die Kaffers, hulle vir hulle land sekere ~~ou vermeende~~ verlore gebied kon terugwin. Verskeie pogings, offisiel sowel as onoffisiel, is dan ook aangewend, veral deur Genl. P.J.Joubert en Ds. S.J.du Toit, daarin bygestaan deur die leiers van die vrywilligers, om die gebied weer ingelyf te kry by die Suid-Afrikaanse Republiek. Die voorgegewe motiewe was veral om 'n end te maak aan die onluste, bloedvergieting en veediefstalle langs die grense, asook omdat die Kaffers so 'n inlywing verlang.

In/...

In sy strewe om sy gesag oor Bechuanaland uit te brei, het die Transvaal die vrywilligers as gewillige instrumente gebruik om sy ideaal te bereik. Die vrywilligers weer was slegs daarop uit om hulle grondregte verseker te kry, en vir daardie doel was hulle gewillig om geannekseer te word deur enige staat of kolonie, behalwe die Britse Imperiale regering.

In sy strewe om sy ideaal te bereik het die Transvaal in botsing gekom met Engeland. Sowel van Imperiale as van Koloniale sy het opposisie gekom. Die beweegredes hiervoor was die ou sendeling argument dat die Boere die Kaffers onderdruk en hulle gronde wil steel, en dat die Republiek van plan was om geheel Bechuanaland in te palm om op daardie wyse Britse koloniale, ekonomiese en politieke uitbreiding stop te set.

Veel dieper belange was egter ook op die spel: Die idee van 'n Verenigde Suid-Afrika het sterk op die voorgrond getree na 1881, en is gehuldig deur vooraanstaande Engelse sowel as Boere, hoewel die doelwit en strewe by beide partye verskillend was. Die Afrikaner Bond het in hierdie tyd, gesteun deur Afrikaanse leiers ook in Transvaal (veral Genl. Joubert), gestreef na 'n vrye verenigde Republiek saamgestel uit alle kolonies en state in Suid-Afrika. Daarom was daar onder Afrikaners algemene simpatie met die Boere-vrywilligers in Stellaland en Land Coosen. Die Engelse moes belet word om Bechuanaland in besit te kry. Stellaland en Goosen moes verenig as een staat en 'n moontlike toekomstige Unie van Suid-Afrika, as Engeland dan nie wou toelaat dat hulle aansluit by Transvaal nie.

Engelse/...

Engelse staatsliede, en by name Cecil Rhodes, het gedroom van 'n verenigde Suid-Afrika onder Britse vlag. In daardie Unie moes die Kaap Kolonie toonaangewend wees. Dus moes Transvaal belet word om uit te brei na welke sy ook, en daarvoor moes Engeland die beheer verkry oor die "Weg naar die Noorde" (n.a.w. Bechuanaland). Sodoende word Rhodesië bereik en die Transvaal daar uit gehou en tegelyk ook belet van verdere uitbreiding naar die Weste. Die verwesenlikking van hierdie planne van Rhodes is verhaas deur die onversigtige poging van Ds.S.J.du Toit om, namens die S.A.Republiek, Bechuana land te annekseer, sowel as deur die afkondiging van 'n Duitse Protokoraat langs die Weskus van Afrika, waardeur die enigste weg naar die binnelande nog meer versper is.

Die ideale van die Afrikaners het misluk. Stellaland en Goosen mog nie ingelyf word by die Transvaal nie, en in hierdie stryd tree Rhodes as oorwinnaar na vore. Die weg was gebaan vir Engeland om die binnelande van Afrika te bereik. Dit was die eerste stap om Transvaal ten onder te bring.

Die hele stryd moet besien word in die lig van die opkomende Imperialisme van die laaste kwart van die 19de eeu, en van die ontwaakte Afrikanerdom na die Eerste Transvaalse Vrvheidsoorlog.